

VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN



Maandag (oor)

- 1 Wat hoor jy?
- 2 Wat is Josef se vader se naam?
- 3 Wie was die enigste vrou wat die pa lief gehad het?
- 4 Hoe het die pa Josef behandel?
- 5 Hoe het dit die broer laat voel teenoor hom?




Dinsdag (oë)

- 1 Wat sien jy?
- 2 In die droom wat was hulle besig om te bind?
- 3 Wie se gerf het regop gestaan?
- 4 Wat het die broers se gerwe gedoen?
- 5 Het sy broers in sy droom belanggestel?



Woensdag (hartjie)

- 1 Wat ervaar jy ?
- 2 Wat hoor jy het in die tweede droom gebeur.?
- 3 Wat het Josef se familie gedink beteken die drome?
- 4 Hoe het dit gevoel?
- 5 Hoe het Josef se pa oor die droom gevoel?



Donderdag (hand)

- 1 Wat dink jy is God se droom vir jou? Jer 1:5
- 2 Is God se drome vir jou lewe perfek? Jes 55:8
3. Wil God ons help en toerus vir die lewe? Jer 1:5
- 4 Is daar 'n vyand wat wil keer dat jou drome waar word?
Joh 10:10

GENESIS 37 JOSEF EN SY DROME

Jakob en sy familie was veilig terug in Kanaän. Maar die jaloesie en rusies tussen sy vroue en hulle kinders het voortgeduur. Jakob was bly dat hy 'n groot gesin gehad het — in daardie dae wou alle pa's seuns gehad het om hulle te help — maar Ragel was die enigste vrou wat hy liefgehad het. Hy was baie hartseer toe sy tydens die geboorte van haar tweede seun, Benjamin, dood is. Klein Benjamin was toe die laaste kind in Jakob se familie. Omdat hy so lief vir Ragel was, het Jakob Josef, haar oudste seun, behandel asof hy regtig sy eersgeborene was. Dit het die ander, ouer broers baie kwaad gemaak. Jakob het aan Josef 'n spesiale jas met lang moue gegee, die soort wat net 'n bevoorregte oudste seun kon dra. Omdat Jakob so lief vir Josef was, het die ander seuns hom gehaat. Jakob het Josef gestuur om sy half- broers met die skape te help. Josef was geskok oor die dinge wat hulle gedoen het en hy het sy vader daar- van vertel toe hy by die huis kom. Dit het sake vererger. Die broers het Josef so gehaat dat hulle nie eens met hom wou praat nie. Toe Josef met hulle probeer praat, het hulle nie geluister nie en onder mekaar gelag en gespot. Een nag het Josef 'n baie vreemde droom gehad. Luister na my droom!' sê hy die volgende oggend aan sy broers. Ons was besig om gerwe op die land te bind. Skielik het my gerf regop gestaan. Toe het al julle gerwe in 'n kring om myne gestaan en daarvoor gebuig. As Josef gedink het sy broers sou in sy droom belangstel, het hy 'n groot fout gemaak. Wie dink jy is jy?' vra hulle kwaad. Dink jy miskien ons gaan voor jou buig? Kort daarna het Josef weer gedroom. Die keer het hy sy vader daarvan vertel. Ek het gedroom dat die son en maan en elf sterre almal voor my gebuig het. Elf sterre — Josef het elf broers gehad. Hulle het gou die betekenis daarvan gesnap! Josef verbeel hom verniet ons gaan hom soos 'n baas behandel, sê hulle. Selfs Jakob was ontsteld. Hy het gedink die son en die maan in Josef se droom verwys na hom en sy vrou. Dink jy nou regtig jy gaan belangriker as jou ouers wees?' vra hy vir Josef. Maar alhoewel hy Josef berispe het, het Jakob dikwels aan die droom gedink.

Gen 37:5-8

JOSEF

DROOM

BROERS

GEHAAT

LUISTER

KOM

GERWE

GRAAN

REGOP

GEBUIG

JULLE

EK

HET

R	J	U	L	L	E	O	V	A	Q	O	Y	W	Y	Q	G	L	U	I	S	T	E	R	D
M	V	Z	G	K	G	B	T	D	R	O	O	M	T	J	C	K	P	Q	E	J	T	R	X
Y	I	A	U	M	H	C	D	J	Z	O	S	I	I	N	L	R	J	K	E	U	F	A	G
G	G	R	P	S	E	P	E	O	T	B	M	J	F	F	D	Z	H	N	W	L	X	W	E
E	M	B	Y	A	J	N	Q	O	J	P	R	H	M	Y	V	V	C	I	V	R	J	W	H
B	H	A	O	V	E	M	M	J	A	K	W	O	D	I	A	F	W	O	C	D	T	O	A
U	S	N	X	K	R	Q	T	B	T	E	G	H	E	Y	S	N	T	L	Q	T	V	C	A
I	U	D	A	V	V	X	W	L	L	M	P	B	S	R	M	A	K	A	M	B	F	M	T
G	A	P	U	B	T	H	P	B	D	V	A	D	U	U	S	Y	J	I	U	H	B	A	Z
D	O	U	P	V	X	L	M	J	O	S	E	F	E	D	D	O	K	H	F	T	B	I	L
Y	V	C	Z	K	F	S	P	W	B	A	X	I	E	L	L	S	Z	E	A	G	Z	G	I
L	G	Q	O	O	W	G	T	E	M	R	I	L	T	C	Q	M	I	T	I	E	O	S	G
R	R	E	S	M	K	I	G	M	H	U	O	Q	J	I	E	A	M	U	U	X	E	Q	R
R	K	M	R	U	O	I	E	E	X	V	G	E	C	L	Q	A	K	S	U	C	C	U	A
E	W	S	I	W	M	M	K	I	R	H	Q	K	R	S	Y	U	J	X	W	H	Y	F	A
G	R	U	J	M	E	S	N	S	T	W	N	S	S	S	Z	H	T	Q	K	D	T	S	N
O	Y	C	G	I	K	G	Y	Y	V	Z	E	G	L	Q	I	D	T	Y	E	Q	O	N	I
P	U	E	E	K	D	L	R	R	R	J	V	G	D	L	N	F	Q	J	K	M	W	I	H
Z	U	D	K	B	N	M	Y	A	B	O	B	L	R	X	D	L	V	F	D	C	P	O	L